



Vir Poppie Papegaai

Al is jy nie so vol verrassings soos
Kaptein Kraakbeen nie, is jy die
enigste een vir my.

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: Theresa van Baalen

Geset in 13 pt op 17 pt Plantin
Omslagontwerp deur Zinelda McDonald
Grafiese uitleg deur Full Circle
Gedruk en gebind deur CTP Drukkers, Kaapstad

Eerste druk 2020

ISBN 978 0 7993 9596 9

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag
op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike
toestemming van die kopiereghouers nie.

JUSTIN FORTUIN, SKATTEJAGTER

THERESA VAN BAALEN

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

1

KASTEEL BOEKANIER EN KAPTEIN KRAAKBEEN

Justin Fortuin kan sy oë nie van die klipkasteel afhou nie. Hy val amper oor sy voete terwyl hy uit sy ma se ou Toyota klim. So dís nou die plek!

“Awesome, Mammie, kyk daai toring!” Hy beduie opgewonde met sy hand. Die kasteel lyk geheimsinnig en spookagtig, met lang, smal vensters en ’n hoë toring wat ver bo die res van die gebou uittoon. Dit is beslis nie ’n kamma-kasteel nie en hy wonder hoekom iemand so ’n verskriklike groot plek sou gebou het. In die verte hoor hy golwe wat op rotse klap. “Is Mammie seker dis die plek?”

“Daar is die bordjie: Kasteel Boekanier,” antwoord sy ma. Sy gaap en rek haar uit. “My jis is deurgesit. Ek is net bly ons is veilig hier. Ek het gedog die Toyota gaan ons in die steek laat daar teen die afdraande.”

“Dié plek is regtig cool,” sê Justin terwyl hy rondkyk. “My tjomies sal dit in ’n honderd jaar nooit glo nie. Ek beter vir hulle ’n foto whatsapp.” Hy vergeet skoon hoe kwaad hy netnou nog was oor hy moes saamkom en pluk sy selfoon

uit sy sak. Eers kliek hy 'n paar keer in die rigting van die kasteel en toe draai hy met sy rug na die kasteel en neem 'n selfie terwyl hy sy tong uitsteek. Hy bekyk sy swart hare en donker vel op die foto, en neem sommer nog een terwyl hy die keer breed glimlag. Dis dalk nie so erg om hier te moet vakansie hou nie. Die kasteel en die omgewing lyk anders as enige plek waar hy al was en Franna en Kevin gaan vrek jaloers wees as hulle sy foto's sien.

Om eerlik te wees – hy het niks uitgesien na hierdie vakansie nie. Wie wil nou saam met jou ma by haar stokou tannie gaan vakansie hou? Dit kon hom min skeel dat die tannie die opsigter van 'n kasteel iewers by die see is. Waar kry mens buitendien regte kastele in Suid-Afrika?

Vyf minute gelede, toe hulle nog met die Toyota teen die bergpas afgery het, het hy nie 'n idee gehad wat om te verwag nie. Hy was dikbek omdat hy en sy vriende ander planne gemaak het vir die vakansie, en daai planne het nie 'n kuier by tannie Mary ingesluit nie. Maar sy ma het haar nie aan hom gesteur nie. Sy het net heeldyd hardop gebid dat die kar se remme nie moet ingee nie. Die een oomblik het hulle nog stadiger as 'n slak op vakansie om die laaste draai van die pas gekruip, en die volgende oomblik kon hy nie glo wat hy sien nie. Die oulike dorpie en sand- en

rotsstrande, wat nog te sê van die yslike kasteel, was die heel laaste gesig wat hy verwag het.

Die kasteel is baie groter as enige van die ander huise en dit lê eenkant, afgesonder van die res van die dorp. Die rantjie reg om die baai is bespikkel met huise van alle groottes en kleure. Die strand skitter goud in die strale van die laatmiddagson. Kasteel Boekanier gooi lang skaduwees op die grond.

Justin ril. Al wat nog kort, is 'n heks, 'n paar vlermuise en 'n draak.

Meteens kraak die yslike voordeur oop. 'n Ougryskop-vroutjie kom uit die skaduwees geskuifel. Kan dit tannie Mary wees?

“Lillian, Justin, is dit sowaar julle, my kinders? Kom nader dat ek julle kan sien.”

Sy pas nogal by die plek, dink Justin. Hy sal haar nie graag in die donker wil raakloop nie.

Justin se ma is die eerste om te reageer. Sy gaan tannie Mary tegemoet en omhels haar. “Hallo, antie Mary, dis goed om Antie weer te sien.” Toe hulle klaar gegroet het, draai sy na Justin. “Wa’s jou maniere? Kom groet die antie.”

Justin staan onwillig nader en laat die ou tannie toe om hom te omhels. Die hare op haar ken krap sy gesig toe sy hom soen. Hy gril daarvoor en woel hom los uit haar omhelsing. As daar nou een ding is wat glad nie cool is nie, is dit 'n tannie

of ’n ouma wat jou soen. Jig! Hy eet eerder blomkool!

“Nou toe, wat staan julle daar? Kom binne, en kom sit julle tasse neer.”

Hulle volg haar deur lang gange wat met elektriese gloeilampe verlig word, alhoewel daar oral outydse kandelare en fakkels teen die mure te sien is.

“Ons gebruik die kerse en die fakkels deesdae net as daar ’n kragonderbreking is,” praat tannie Mary skielik. Sy lag saggies. “Dit gebeur nogal dikwels dat die krag afgaan. Die ou dorpie se dienste is nie baie betroubaar nie. Nou hou ons maar altyd vuurhoutjies byderhand.”

Juis op daardie oomblik gaan die ligte dood. Justin skrik. As hy nie van beter geweet het nie, sou hy kon sweer die ou tannie het die kragonderbreking spesiaal bestel om ’n punt te maak. Al is dit nog lig buite, is dit nou redelik donker in die gang. Tannie Mary vroetel met ’n vuurhoutjie in die skemerlig en oomblikke later brand een van die fakkels. Onheilspellende skaduwees dans teen die muur.

Justin sidder. Net môre koop hy vir hom ’n flits. Hy kan nie glo hy was so dom om nie een saam te bring nie. Hy het definitief nie lus om met fakkels en kerse in die donker te sukkel nie.

Hulle stap verder. Tannie Mary stop voor ’n

toe deur. Net soos die voordeur en al die ander deure wat Justin op pad hierheen gesien het, is die deur minstens een en 'n half keer so hoog en so wyd as 'n gewone deur. Interessante patrone is in die hout gekerf. Tannie Mary stoot dit met moeite oop, en Justin en sy ma volg haar na binne.

Die mure moet minstens 'n halwe meter dik wees, dink hy terwyl hy die deurkosyn bekyk. Sy vermoede word bevestig deur vier lang, smal vensters wat lig by die kamer inlaat. Die venster-rame verdwyn behoorlik in die dik buitemuur en dit lyk of die vensters eerder in 'n kerk hoort.

Dit is 'n slaapkamer, sien Justin. 'n Outydse hemelbed met ligblou gordyntjies staan met sy kopponent teen 'n muur en twee eenderse deure loop aan teenoorgestelde kante uit die kamer uit.

Hy kyk op na die hoë plafon. Daar is stowwerige spinnerakke in die hoeke, en hy kan sweer dat 'n groot spinnekop besig is om nog 'n web te spin.

“Jy slaap hier, Justin,” sê die ou tannie. Sy beduie na die deur aan die regterkant. “Daar is jou badkamer.”

Justin laat val sy tas op die grond. “En daai?” Hy wys bekommerd na die ander deur. Hy is nie so seker hy wil alleen in die kamer met die drie deure slaap nie.

Tannie Mary maak die derde deur oop. “Dié

deur verbind jou en jou ma se kamers.” Sy loop deur na die volgende vertrek.

Sy ma se slaapkamer lyk baie soos syne, met dieselfde lang, maer vensters, ’n hemelbed en ’n deur aan die oorkant van die vertrek wat na haar eie badkamer lei. En natuurlik het dit ook ’n deur wat gang toe gaan. Wat dié kamer anders maak as syne is al die pienk: pienk gordyntjies om die hemelbed, pienk beddegoed, pienkerige skilderye teen die klipmure, pienk gordyne voor die vensters en ’n pienk mat op die vloer. Justin glimlag terwyl hy sy ma dophou. Hy wens hy kon nou ’n foto van haar neem. Die uitdrukking op haar gesig! Tannie Mary weet duidelik nie dat sy ma niks van pienk hou nie.

“Hierdie is my twee gunstelingkamers,” sê die tannie. “Sit tog nou neer jou tas, Lillian. Julle is seker al lankal honger en dors. Ons eet vanaand in die sitkamer. Ek het gevra dat Nicolas sommer vir ons ’n lekker koue vingerete regsit.”

En daarmee skuifel sy by die deur uit, verder af met die gang, om ’n draai en in by ’n baie hoë dubbeldeur. Dié deur is selfs hoër as al die ander waarby hulle verbygestap het. Tannie Mary is nie die kleinste ou tannie wat Justin al gesien het nie, maar langs die hoë ingang lyk sy soos ’n kind.

Skielik kom die krag weer aan. Die gloeilamp

teen die dak flikker asof dit nog besluit of dit wil brand, maar toe raak die lig helderder.

Justin sug verlig. As die krag die keer tog net wil aanbly, dink hy. Hy is nie 'n bangbroek nie, maar die lang skaduwees kou aan sy senuwees.

“Vee af jou voete!” kraak 'n skril stem toe hulle die reuse-sitkamervertrek binnegaan. “Vee af!”

“Ag, hou jou snawel!” roep tannie Mary kwaai uit. “Ek maak vanaand Kentucky van jou!”

Justin frons. Sy ma praat altyd van Kentucky as hulle KFC koop. Sy sê dit was KFC se naam in die ou dae. Van wie wil tannie Mary KFC maak? Dan val sy oog op 'n hok in die middel van die vertrek.

“Awesome, hoe cool – dit is 'n papegaai! Kyk, Mammie, dis 'n African grey!” Justin glimlag breed. Hy het nog altyd gewens dat hy 'n papegaai kon hê. Hy kan vir ure by die Lucky Pets Pet Shop rondhang en die papegaai se streke dophou. Eendag sál hy sy eie een hê. Net jammer 'n African grey kos omtrent tien keer soveel soos 'n nuwe skaatsplank. Hy stap om die hok waarop die grys voël sit. “Sjoe, kyk sy mooi rooi stert! Kan ek aan hom vat?” vra hy.

“Ja, natuurlik. Vat aan hom. Vat hom weg vir al wat ek omgee. Hy werk in elk geval net heeldag op my senuwees,” brom tannie Mary.

Justin laat hom nie twee keer nooi nie. Hy gee

'n versigtige tree tot by die hok en steek sy hand uit. “Hallo, wat is jou naam?” Die papegaai hou sy koppie skeef en bekyk Justin aandagtig. “Mag ek jou koppie krap?”

“Koppie krap,” sê die voël en buig sy nek sodat dit lyk of hy sy kop na Justin toe uithou om te krap.

“Die voël se naam is Kaptein Kraakbeen,” sê tannie Mary. “Toe ek jare terug die werk as opsigter hier by die kasteel aanvaar het, het die baas van die kasteel gesê ek moet hom vir my vat. Hy en sy gesin bly in Holland en hulle wou nie met die voël bodder nie. Eintlik bodder hulle nie eens met die kasteel nie. Hulle betaal as iets reggemaak moet word, maar verder moet ek na alles omsien.”

Tannie Mary kry 'n veraf kyk in haar oë. “Ek bly lekker hier, dis soos my eie huis. Al probleem is dié gedierte wat my heeldag irriteer. Ek is nie seker hoe lank hy al hier is nie, blykbaar vanaf die ou kaptein se dae af. Die kaptein het die kasteel omtrent so tagtig jaar gelede gebou. Die voël kan natuurlik nie so oud soos die kasteel wees nie; die kaptein moes hom baie later gekry het. Maar wat ook al die waarheid is, die geveerde gedrog was al hier toe ek hier gekom het.” Sy frons en klink skielik kwaad. “Ek sou hom al laat wegvlieg het as hy maar net wou, maar die kere

dat hy wel by die venster uitgevlieg het, het hy mooitjies weer teruggekom!” Sy sug. “En hy wil ook nie doodgaan nie. Ek hou nie van hom nie en hy hou nog minder van my!”

Terwyl sy praat, krap Justin saggies Kaptein Kraakbeen se kop. Hy hou sy hand voor die voël se pote en lag opgewonde toe die voël op sy hand klim en al met sy arm langs tot bo-op sy skouer loop. Hy gril toe Kaptein Kraakbeen saggies-versigtig aan sy oor begin knibbel.

“Koppie krap,” fluister Kraakbeen in sy oor.

Tannie Mary slaan haar hande saam. “Kan jy nou meer!” roep sy uit. “Ek het hom nog nooit op enige iemand se hand sien klim nie; laat staan nog op ’n skouer gaan sit. Justin, ek dink hy hou van jou.”

“Hy voel seker aan dat Justin van hom ook hou,” sê sy ma. “Diere is mos maar so. Justin stel baie in papegaaie belang. Hy het seker vyf papegaaiboeke by die huis.”

“Sés boeke, Mammie,” sê Justin. “En eendag sal ek my eie papegaaï hê. ’n African grey, soos dié een, of ’n bloukoppapegaaï of iets. Enige papegaaï is beter as die budjies daar by die huis. Dit is net omdat Mammie ...” Hy bly skielik stil. Hy wil nie sy ma voor tannie Mary verwyty nie, maar sy het hierdie simpel idee dat hy naderhand sal moeg word vir dieselfde papegaaï. Dit was sý

wat voorgestel het dat hy eers met budjies moes oefen. Hy moes kastig seker maak dat hy regtig 'n voël vir 'n troeteldier wil hê, en daarby een wat waarskynlik baie langer as enige hond of kat sou leef. Hy weet alte goed dat papegaai baie oud kan word en dat mens nie 'n papegaai soos 'n ou speelding kan weggooi nie.

“Die dag as jy reg is, kan jy 'n papegaai kry,” sê sy ma. “Natuurlik ook solank jy genoeg gespaar het. Jy weet hulle is duur en daai klas van geld groei nie op my rug nie.”

Justin sug. “Ja, Mammie.” Hy weet nie of hy ooit genoeg sal kan spaar nie, maar dit keer nie dat hy een wil hê nie. “Al moet ek wag tot ek eendag werk, ek sál 'n papegaai hê. Watch my.”

Tannie Mary kyk van Justin na sy ma.

“Lillian, Justin klink vir my baie vasberade,” sê sy met 'n knipoog in Justin se rigting. “Ek het 'n idee wat ons almal kan bevoordeel. Dit is nou as jy ja sê.” Sy kyk na Justin. “Justin, ek het 'n present vir jou, as jou ma instem. Jy kan Kaptein Kraakbeen kry. Hy is joune. Ek verpes die grys verestoffer wat net heeldag op my senuwees werk. Ek kry die gevoel jy sal mooi na hom kyk. En as jy aan die einde van die vakansie besluit dat jy nie regtig van hom hou nie, mag jy hom hier los.”

Justin vlieg om en gryp tannie Mary om die middel. Die keer pla haar kenhare hom glad nie.

“Dankie, antie Mary, dankie! Mammie, ek mag hom mos vat, nè! Ag toe, sê tog net ja!”

Sy ma huiwer ’n oomblik. “Jong, ek weet nie ... As antie Mary seker is van haar saak kan jy seker maar.”

“Ek was nog nooit so seker van enige iets nie,” lag die ou tannie. “Ek hét hom al probeer weggee, maar elke keer gedra hy hom so sleg dat die mense hom nie meer wil hê nie. Jy kan vanaand sy hok saam met jou na jou kamer toe vat. Dan kan jy sommer nou al vir hom begin sorg.”

Justin weet nie of hy al ooit so bly was nie. Hy het nog altyd daarvan gedroom om ’n papegaai te hê wat hy kan leer praat en toertjies doen. Nou lyk dit asof sy droom waar geword het.